

Vertaling en taalverwerwing – ’n literaturoorsig oor die vertaling van intertalige onderskrifte

Elbie Adendorff

Elbie Adendorff, Departement Afrikaans en Nederlands, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie oorsigartikel vorm deel van ’n breë navorsingsprojek oor vertaling en taalverwerwing.¹ Die doel van hierdie artikel is om eerstens in die breë na die gebruik van vertaling vir taalverwerwing te kyk en tweedens om die gebruik van intertalige² onderskrifte³ in taalverwerwingsklaskamers te ondersoek – spesifiek om woordeskat aan te leer. Die teoretiese raamwerk vir die studie is die tweedetaalverwerwingsteorie⁴ van Krashen (1982 en 1985) asook bewuste en onbewuste taalverwerwing aan die hand van veral Hulstijn (2013) se navorsing. Omdat woordeskataanleer ’n belangrike vaardigheid binne taalverwerwing is, word teoretiese aspekte rondom die aanleer van woordeskat geïntegreerd bespreek. Voorts word vertaling binne taalverwerwing onder die loep geneem – sien Newmark (1991), Jones (2010), Yadav (2014) en Van den Berg (2019). Die artikel lewer verslag van ’n kleinskaalse empiriese ondersoek deur Van den Berg (2019). Sy onderneem ’n gevallestudie met dosente wat by die Universiteit Stellenbosch by die onderrig van vreemde tale betrokke is om hulle menings oor die gebruik van vertaling binne taalverwerwing te verkry. Die fokus van die artikel verskuif na die gebruik van intertalige onderskrifte binne die veld van taalverwerwing – soos ondersoek deur Harji, Woods en Alavi (2010), Caimi (2013), Du Plessis (2015) en Peters en Webb (2018). Muller (2019) maak gebruik van ’n vraelys om studente wat Afrikaans by die Universiteit Stellenbosch aanleer se menings oor hoe intertalige onderskrifte in taalverwerwing gebruik kan word om ’n vreemde taal aan te leer, te verkry. Die vertaalstrategieë van Gottlieb (1992 en 1994) vorm deel van die teoretiese raamwerk oor intertalige onderskrifte. Etlike studies wat van Gottlieb (1992) se taksonomie gebruik maak, word kortliks bespreek voordat die artikel tot ’n slotsom kom.

Trefwoorde: Afrikaanse taalverwerwing; intertalige onderskrifte; vertaalstrategieë; vertaling

Abstract

Translation and language acquisition – a literature review on the translation of interlingual subtitles

This review article forms part of a broader research project on translation and language acquisition. The aims of the article are, in the first place, to look broadly at the use of translation for language acquisition and, secondly, to study the use of interlingual subtitles in language acquisition classrooms – mainly to learn vocabulary.

The theoretical framework for the study is the input hypothesis in the second language acquisition theory of Krashen (1982 and 1985). According to Krashen (1985:4), language learners will acquire a new language through exposure to comprehensible input. This comprehensible input can be linked to vocabulary learning – vocabulary input needs to take place repeatedly and repetitively. As language learners are exposed to comprehensible vocabulary input, the link between form and meaning is strengthened (Sass 2017:11). The theoretical framework of Hulstijn (2013) on incidental and intentional language acquisition is also used. Hulstijn (2013:1) states: “Incidental learning stands in contrast to intentional learning, which refers to a deliberate attempt to commit factual information to memory, often including the use of rehearsal techniques, like preparing for a test in school or learning a song by heart.” In language acquisition, vocabulary learning is an important skill, therefore its theoretical underpinnings are integrated throughout the article.

The article furthermore places emphasis on the use of translation in language acquisition – see for instance Newmark (1991), Jones (2010), Yadav (2014) and Van den Berg (2019). According to Jones (2010:1), certain researchers support the use of only the foreign language in language acquisition and does not allow the use of any translations in the class. Cunningham (2000) claims that translation can be used successfully under certain circumstances in language acquisition. Newmark (1991:6) alleges that translation is useful because it allows the language learner to learn the foreign language faster and it saves time. A small-scale empirical study by Van den Berg (2019) is discussed. She undertook a case study with lecturers teaching foreign languages at Stellenbosch University. The study was aimed at getting their opinions on the use of translation in their foreign language acquisition classroom. The majority of lecturers use translation in their classes and believe that translation is a beneficial tool to use.

The focus of the article shifts to the use of interlingual subtitles in language acquisition – see the research by Harji, Woods, and Alavi (2010), Caimi (2013), Du Plessis (2015) and Peters and Webb (2018). Jakobson (1959:139) defines intersemiotic translation as “an interpretation of verbal signs by means of signs of non-verbal sign systems”. Munday (2001:9) gives examples of intersemiotic translation and states that “(it) occurs when a written text is translated into a different mode, such as music, film or painting”. Subtitles are an example of intersemiotic translation because the meaning of one modality – spoken language – is translated to another modality – written language. Subtitles can be divided into interlingual and intralingual subtitles. Intralingual subtitles (also called bimodal subtitles) are subtitles within the same language and interlingual subtitles are a translation from one language to another. Muller (2019) uses a questionnaire to get the opinions of thirteen students learning Afrikaans as a foreign language at Stellenbosch University on the use of interlingual subtitles in soap operas. Eleven of the students stated that subtitles can help with the learning of vocabulary, but only seven thought that it can help with the learning of a new language. When asked whether

they thought you could learn a new language if the translation was not a word-for-word translation, only three said it would be possible.

The translation strategies of Gottlieb (1992 and 1994) form part of the theoretical framework on interlingual subtitles. Gottlieb believes, according to Kianbakht (2015:27), “that to assess the quality of specific subtitling, the rendering of each verbal segment of a film must be analyzed concerning its stylistic and semantic values”. That is why Gottlieb proposed ten translation strategies to translate subtitles for films. The translation strategies according to Gottlieb (1992:161–70) are:

Expansion: This strategy is used when the original text requires an explanation because of some cultural nuance not retrievable in the target language.

Paraphrase: Paraphrasing is used when the phraseology of the original text cannot be reconstructed in the same syntactic way in the target language.

Transfer: When this strategy is used, the complete source text is accurately translated.

Imitation: The translation maintains the same forms, typically in the case of names of people and places.

Transcription: This strategy is used where a term is unusual even in the source text. Examples are the use of a third language or “nonsense language” (gibberish).

Dislocation: This strategy is used when the original text employs some sort of a special effect; for example, a silly song in a cartoon film where the translation of the effect is more important than the content.

Condensation: This strategy involves the shortening of the text in the least obtrusive way possible.

Decimation: This is an extreme form of condensation where perhaps for reasons of discourse speed, potentially important elements are omitted.

Deletion: This refers to the total elimination of parts of a text.

Resignation: Resignation is the adopted strategy when no translation solution can be found and meaning is inevitably lost.

Gottlieb (1994) explains that the first seven strategies create corresponding translation while decimation and deletion lead to a shortening or abbreviation of semantic and stylistic elements.

Studies using Gottlieb’s taxonomy are briefly discussed in the article.

Muller (2019) analysed one episode each of three South African soap operas: *7de Laan*, *Binnelanders* and *Suidooster*. She transcribed the dialogue as well as the interlingual subtitles. The aim was to see which strategies were used. She concluded that there are not many differences between the strategies used in each soap opera. The preferred strategy in all three soap operas was to use transfer, while dislocation and resignation were not used.

Sichani, Amiryousefi en Amirian (2019) analysed the translation strategies employed in the subtitled version of *A separation* and *I, Daniel Blake*. The theoretical framework was based on Gottlieb's (1992) classification of interlingual subtitling. The obtained results depicted that except for dislocation and transcription, all Gottlieb's strategies were applicable and used in the translation of the subtitles. The results also showed that the film's genre played an influential role in the decisions the translators made.

Bąk en Gwóźdź (2016) aimed to analyse the translation strategies applied by the informal internet group known as Hatak in the English-Polish translation of the first episode of the American TV series *House of cards*. Following Gottlieb's typology, they explored the following seven translation strategies: transfer, paraphrase, condensation, dislocation, deletion, resignation and imitation. Bąk en Gwóźdź (2016) analysed each strategy separately by referring to the original expression and the message produced in the subtitle. They confirmed that these strategies are frequently applied together to deliver an audience-oriented text.

In Kianbakht's (2015) study, he investigated the subtitling strategies adopted in the Persian translation of humor of Woody Allen's *Annie Hall* and sought to determine which strategy was utilised more frequently than others. The study is a descriptive comparative content analysis based on the dialogues and the corresponding subtitles. The theoretical framework of the study was also based on Gottlieb's classifications of subtitling strategies. The results of the study showed that the most frequent strategy was transfer. The high frequency of the transfer strategy meant that the Iranian translators transferred the dialogues of the original film into Persian in the most comprehensible and natural way possible.

Similar to Kianbakht's study, the study of Ghaemi en Benyamin (2011) also followed a descriptive and comparative analysis to identify the interlingual strategies employed to translate English subtitles into Persian and to determine their frequency. The study comprised English audio scripts of five movies of different genres with their Persian subtitles. The study's theoretical framework was based on Gottlieb's (1992) classification of subtitle translation. The results indicated that all of Gottlieb's proposed strategies applied to the corpus with some degree of variation of distribution among different film genres. The most frequently used strategy was transfer at 54,06% and the least frequently used strategies were transcription and decimation, both at 0,81%. It was also concluded by Ghaemi and Benyamin (2011) that the film genre played a crucial role in which strategies were used.

This review article on translation and language acquisition indicates what other researchers concluded: There is a place for translation in the language acquisition classroom, but it is not the only approach, method or resource tool that can be used. It is a pedagogic tool because the strategic use of the first language benefits language learners, although they need a lot of exposure to and input from the foreign language. On the grounds of different literature reviews on the use of translation as a language acquisition resource, Krashen's input hypothesis and the distinction Hulstijn makes between incidental and intentional vocabulary learning, it appears that translation can be useful in language acquisition. More empirical research on the use of translation in Afrikaans language acquisition is needed.

Keywords: Afrikaans language acquisition; interlingual subtitles; translation; translation strategies

1. Inleiding

Vertaling word reeds vir 'n lang tyd as 'n hulpmiddel vir die onderrig en leer van tale gebruik. Volgens Leonardi (2010:19) word vertaling as pedagogiese hulpmiddel in baie lande se onderwysstelsels gebruik.

Die grammatika-vertaalmetode het die dominante metode vir die leer van vreemde⁵ tale geword (Laviosa 2014:4). 'n Belangrike eienskap van hierdie metode volgens Mart (2013:103) is die vertaling van een taal na 'n ander op 'n byna woord-vir-woord wyse. Dié metode berus volgens Van den Berg (2019) op die studie van grammatikale reëls en strukture van vreemde tale. Die reëls word aan studente geleer deur die vertaling van 'n reeks kunsmatige sinne wat die struktuur wat bestudeer word, illustreer. Volgens Munday (2001:8) is dit 'n benadering wat steeds gevolg word. Aqel (2013:2469) ondersteun bogenoemde siening van Munday en meen dat die grammatika-vertaalmetode 'n belangrike taalverwerwingsmetode tot die taalaanleerproses is en daarom steeds gebruik kan word.

In hierdie artikel bespreek ek eerstens die gebruik van vertaling binne taalverwerwing deur die voordele en nadele daarvan in die taalverwerwingsklaskamer te bespreek, asook die gebruik daarvan as pedagogiese hulpmiddel. In die tweede plek ondersoek ek die vertaling van onderskrifte voordat ek derdens die gebruik van onderskrifte binne taalverwerwing aan die hand van Krashen (1982 en 1985) se tweedetaalteorie asook bewuste en onbewuste taalverwerwing bespreek. In die vierde plek plaas ek die fokus op die vertaalstrategieë aan die hand van Gottlieb (1992 en 1994). Ek verwys kortliks na etlike navorsers se toepassing van Gottlieb se vertaalstrategieë op oudiovisuele tekste: Muller (2019); Sichani, Amiryousefi en Amirian (2019); Bąk en Gwózdź (2016); Kianbakht (2015) en Ghaemi en Benyamin (2011).

2. Die gebruik van vertaling binne taalverwerwing

Volgens Jones (2010:1) is daar etlike navorsers wat slegs die gebruik van die vreemde taal tydens taalverwerwing goedkeur. Sodoende word die rol van vertaling van sy plek binne taalverwerwingsklaskamers ontnem. Cunningham (2000) beweer dat vertaling wél in die regte omstandighede gebruik kan word om 'n vreemde taal aan te leer terwyl Jones (2010) van mening is dat om nié van die eerste taal van die taalaanleerders gebruik te maak nie, hulle vordering belemmer om daarin te kommunikeer. Newmark (1991:61) meen dat vertaling nuttig is om tyd te spaar en sodoende die taal vinniger aan te leer.

Vervolgens bespreek ek enkele argumente vir en teen die gebruik van vertaling in taalverwerwing.

2.1 Argumente vir en argumente teen die gebruik van vertaling

Volgens Vermes (2010:87) is die gebruik van die eerste taal om taalaanleerders se angsvlakke te bekamp nuttig – veral in die beginstadium van die taalaanleerproses. Kavaliauskiene en Kaminskienė (2007:132) meen dat taalaanleerders 'n gevoel van sekuriteit benodig wanneer hulle 'n vreemde taal aanleer en daarom moet daar van die eerste taal gebruik gemaak word. Jones (2010:3) ondersteun Kavaliauskiene en Kaminskienė (2007) wanneer sy beweer dat wanneer taalaanleerders 'n gevoel van sekuriteit verkry, hulle hulleself makliker kan uitdruk – wat nie noodwendig moontlik sou wees sonder die gebruik van vertaling nie. Indien

taalaanleerders nie gemaklik voel om in die vreemde taal te kommunikeer nie en verbied word om die eerste taal te gebruik, verloor hulle aldus Yadav (2014:575) die gevoel van sekuriteit in die taalverwerwingsklaskamer.

Fernández-Guerra (2014:155) beweer dat vertaalaktiwiteite vir taalaanleerders wys dat daar geen een-tot-een-verhouding tussen die betrokke tale is nie. Sy voeg by dat taalaanleerders geleer moet word om op die linguistiese en kulturele gapings tussen die betrokke tale te fokus. Sy vind ondersteuning in Mart (2013:105) wat van mening is dat die gebruik van vertaling taalaanleerders toelaat om die ooreenkomste en verskille in tekste te kan waarneem. Volgens Calis en Dikilitas (2012:5080) geniet studente dit om vertaalaktiwiteite te voltooi, want dan kan hulle die grammatikale patrone van die vreemde taal met die eerste taal vergelyk. Dié vergelyking leer vir studente dat die tale verskil. Fernández-Guerra (2014:153) is voorts van mening dat taalaanleerders ten gunste van vertaling in die taalverwerwingsklaskamer is, aangesien hulle die werk beter kan verstaan wanneer dit in hulle eerste taal verduidelik word. Jones (2010:5) het bevind dat leerders dikwels tydens groepwerk na die eerste taal oorslaan sodat hulle strategieë en probleemoplossings kan bespreek. Sy meen dat leerders gebruik maak van die eerste taal as hulpmiddel om aktiwiteite te vergemaklik.

Verskeie navorsers is veral van mening dat die gebruik van vertaling in die klaskamer taalaanleerders help om nuwe woordeskat aan te leer. Volgens Kelly en Bruen (2014:155) is die gebruik en vermenging van die eerste taal en die vreemde taal 'n effektiewe manier om nuwe woordeskat aan te leer, aangesien taalaanleerders hulle kennis van die vreemde taal verbeter. Volgens Atkinson (1987:243) kan die moedertaal ook gebruik word om te verseker dat studente wel vreemdetaalkonsepte verstaan en die regte woordeskat aanleer, sowel as om seker te maak dat hulle die grammatikale reëls van die vreemde taal verstaan.

Panizzon (2013:13) se magisterverhandeling noem etlike redes vir die gebruik van vertaling in taalverwerwing, veral omdat dit studente se taalbewustheid ontwikkel:

- Dit fasiliteer en stimuleer die begrip en verwerwing van nuwe woorde en uitdrukkings.
- Dit verskaf voorbeelde van verskillende grammatikale vorms en strukture, beide in die eerste taal en die vreemde taal, wat dan deur die studente vergelyk kan word.
- Dit ontmoedig taalvermenging (linguistiese inmenging) soos studente meer bewus daarvan raak dat die eerste taal en die vreemde taal op leksikale en sintaktiese vlakke verskillend is.
- Dit bevorder passiewe vertaling omdat dit studente help met die ontwikkeling van ekspressiewe uitdrukkings in hulle eerste taal.

Verdere argumente ter ondersteuning van vertaling as 'n hulpmiddel vir taalverwerwing is dat dit tot die uitbreiding van die uitdrukkings en woordeskat wat die taalaanleerders tot hul beskikking het, lei; met luisterbegrip help; en ook taalgebruik uitbeeld soos wat dit in die alledaagse lewe voorkom – soos gevind word in die navorsing van Vanderplank (1988), King (2002), Danan (2004) en Du Plessis (2015).

Hier volg enkele argumente teen die gebruik van vertaling in taalverwerwing.

Grittner (1969:160) het reeds in 1969 die siening gehuldig dat om die vreemde taal aan te leer, taalaanleerders slegs in die vreemde taal moet dink en kommunikeer. Hy skryf dat die

taalaanleerproses in isolasie moet plaasvind, dit wil sê dat daar glad nie na die eerste taal verwys moet word nie. Hy meen dat studente hulle kennis van die vreemde taal deur middel van direkte blootstelling moet verkry en nie deur eerstetaalverwysings of vertalings nie. Grittner (1969:160) argumenteer dat onderwysers van visuele onderrigmetodes gebruik moet maak om betekenis oor te dra. Taalaanleerders benodig baie blootstelling aan die taal wat hulle wil leer. Aangesien blootstelling aan die vreemde taal nie noodwendig buite die taalklaskamer verkry kan word nie, bied onderwysers die enigste blootstelling wat leerders vrylik kan bekom.

Volgens Carreres (2006) is die gebruik van die eerste taal in die taalverwerwingsklaskamer onproduktief omdat dit taalaanleerders daarvan weerhou om hulleself vrylik in die vreemde taal uit te druk. Voorts het nie al die taalaanleerders dieselfde eerste tale nie. Grittner (1969:164) argumenteer dat die gebruik van vertaling in die taalverwerwingsklaskamer taalaanleerders leer om afhanklik van hulle eerste taal te wees. Hierdie afhanklikheid belemmer hulle sukses in die vreemdetaal aanleerproses omdat hulle heel moontlik nie die metode van vertaling sal wil afleer nie. Yadav (2014:577) meen dat alhoewel onderwysers van die eerste taal gebruik kan maak, hulle moet verstaan dat leerders soveel as moontlik aan die vreemde taal blootgestel moet word sodat hulle die taal kan bemeester.

Van den Berg (2019) doen ondersoek oor argumente vir en argumente teen die gebruik van vertaling in taalverwerwing. Sy kom tot die gevolgtrekking dat vertaling tydens taalverwerwingsonderrig ingesluit behoort te word aangesien daar wel pedagogiese waarde in vertaling is. Sy beweer onder meer dat vertaling strategies gebruik kan word om taalaanleerders se kommunikasievaardighede te bevorder; om hulle vlotheid in die vreemde taal te verbeter; om instruksies te gee; en om komplekse grammatika te verduidelik (2019:26). Van den Berg (2019:32) se hoofargument teen die gebruik van vertaling is dat dit by die taalaanleerproses inmeng en studente sodoende van waardevolle insette ontnem word.

Taalaanleerders het myns insiens optimale blootstelling aan die vreemde taal nodig en die gebruik van die eerste taal is nie noodwendig onproduktief tot die taalaanleerproses nie. Dit is nie die gebruik van die eerste taal tydens taalverwerwing wat die probleem is waarteen sommige navorsers stry nie, maar eerder hoe dit in klaskamers geïmplementeer moet word.

2.2 Vertaling as pedagogiese hulpmiddel in taalverwerwing

Verskeie studies oor die gebruik van die eerste taal in die tweedetaalklaskamer (met ander woorde die gebruik van vertaling binne taalverwerwing) is reeds internasionaal uitgevoer.

Al-Musawi (2014) se navorsing handel oor die gebruik van vertaling om Engels aan te leer. Die studie is uitgevoer met 360 nie-Engelssprekende voorgraadse studente aan die Universiteit van Bahrein met Engels as hulle hoofvak. Die studente moes 'n vraelys invul wat bestaan het uit 'n reeks stellings en hulle moes dan op die vraelys merk of hulle met die stellings saamstem of nie. Al-Musawi (2014:7) bevind dat die studente van vertaling gebruik maak om Engelse woorde te leer, te lees en te skryf. Vertaling help die studente voorts om Engelse frases beter in hulle eie taal te verstaan. Al-Musawi (2014:7) bevind wel dat studente met 'n hoër vlotheidsvlak in Engels gekies het om nie van vertaling gebruik te maak nie, anders as studente met 'n lae vlotheidsvlak in Engels.

Khan het in 2016 'n studie in Saoedi-Arabië uitgevoer, waar hy gekyk het na watter impak die gebruik van die eerste taal op die aanleer van 'n tweede taal het. In hierdie geval was Arabies

die eerste taal van die studente en Engels die tweede taal. Die ondersoek is by die Universiteit van Qassim uitgevoer met 40 studente in die Engelse Taalprogram. Die studie is uitgevoer deur die studente in twee groepe te verdeel. Die eerste groep moes Engelse woorde en frases se ekwivalente vorms in Arabies vertaal en het hierdie instruksies slegs in Engels ontvang. Die tweede groep moes dieselfde aktiwiteit doen, maar het hulle instruksies in beide Engels en Arabies ontvang. Die navorser bevind dat die tweede groep beter in hulle werk presteer het met die hulp van hulle eerste taal – met ander woorde Khan (2016:138) bevind dus dat die studente se eerste taal hulle help om 'n tweede taal aan te leer.

Enama (2016) doen sy navorsing met studente in Kameroen: Die doel was om vas te stel of studente met 'n lae prestasie in die Engels as Vreemde Taal (EVT)-klaskamer beter in Engelse grammatika vaar wanneer Frans (wat die taal van instruksie van die skool is) in die klaskamer gebruik word. Die studie gebruik 22 EVT-leerders, almal met verskillende eerste tale, wat by die privaat skool Yaoundé ingeskryf is (Enama 2016:22). Die deelnemers se ouderdomme wissel tussen 11 en 16 jaar oud en Engels is 'n verpligte vak vir al die leerders. Alhoewel Frans die taal van instruksie sowel as hulle eerste taal van geletterdheid is, is geen van hierdie leerders vlot in Frans nie. Enama (2016:19) bevind in sy studie dat alhoewel Frans nie die leerders se eerste taal is nie, die gebruik daarvan leerders steeds gehelp het om hulle Engelse grammatika te verbeter.

In Van den Berg (2019) se empiriese ondersoek vra sy die menings van dosente wat 'n vreemde taal aan die Universiteit Stellenbosch onderrig.⁶ Die meerderheid dosente dui aan dat hulle van vertaling gebruik maak. Van die redes waarom hulle die gebruik van vertaling voorstaan, is onder meer:

- No, I am not against using translation. I use translation as a method when teaching grammar and explaining new words/phrases. It helps to compare different structures.
- It is beneficial to do translation exercises [sic] however it is not the only LA tool that should be included in the language learning process. It could serve as an indicator for the educator to see where students' grammatical problems are.
- I know that it is not ideal, according to certain methodologies, but I find that sometimes it helps students to develop an understanding of the different "mentalities" of different languages, and of the idiom of different languages and they can then see why you cannot translate word for word.
- Studente vind dit interessant, veral wanneer dit gaan oor die verwantskappe en verskille tussen tale – veral omdat daar altyd meer as een L1 betrokke is.

Van den Berg (2019:49) kom tot die gevolgtrekking dat alhoewel die dosente in hulle taalverwerwingsklasse van vertaling gebruik maak, hulle ook van mening is dat dit nie die ideaal is nie en verantwoordelik gebruik moet word. Dit is 'n hulpmiddel, net soos ander taalverwerwingstegnieke soos prente, video's, herhaling en nabootsing.

2.3 Samevatting

Na aanleiding van hierdie studies en as deel van 'n breër navorsingsondersoek oor die gebruik van vertaling (wat onderskrifte insluit) in Afrikaanse taalverwerwing, het ek besluit om ondersoek in te stel na die moontlike gebruik van intertalige onderskrifte in taalverwerwing.

3. Vertaling van onderskrifte

Pym, Malmkjær en Plana (2013:3) is van mening dat vertaling as't ware die "vyfde taalvaardigheid" naas luister, praat, lees en skryf is. Pym e.a. (2013:3) beklemtoon onder meer die positiewe rol van onderskrifte in taalverwerwing. Talle studies, ondersoeke en navorsingsartikels is gepubliseer wat oor die positiewe rol van oudiovisuele materiaal in taalverwerwing handel – sien onder meer Danan (2004), Du Plessis (2015), Hosogoshi (2016) en Vazifekhah (2017). Net so is daar talle studies wat bevind het dat onderskrifte geen uitwerking of 'n negatiewe uitwerking op taalverwerwing gehad het – sien onder meer d'Ydewalle en Van de Poel (1999), Etemadi (2012) en Matiello, Collet en D'Ely (2013).⁷

Newmark (1981:7–8) beskryf vertaling as die vaardigheid om 'n boodskap in 'n ander taal as dié van die oorspronklike boodskap te omskep. Vertaling kan volgens Reich (2006:7) in twee hoofipes verdeel word, naamlik letterlike vertaling en oudiovisuele vertaling. *Letterlike vertaling* verwys na die geskrewe vertaling van geskrewe tekste, terwyl *oudiovisuele vertaling* 'n oorkoepelende term is wat verwys na die vertaling van alle variëteite van oudiovisuele materiaal.

3.1 Oudiovisuele vertaling

Delabastita (1989:196) beskryf oudiovisuele vertaling as die intertalige oordrag van verbale taal wat gewoonlik deur 'n soort elektroniese toestel oorgedra word, beide visueel en auditief. Die verbale dimensie is dus nie in die geval van oudiovisuele vertaling die enigste element wat bydra tot die kommunikasieproses nie. Okyayuz (2005) is van mening dat oudiovisuele vertaling een van die mees invloedryke modusse van die oordrag van taal en kultuur is. Sy motiveer haar stelling deur te noem dat oudiovisuele materiaal 'n groot aantal mense bereik, onmiddellik weergegee word, en gelyktydig aan verskeie kulture beskikbaar is. Dit word ook bevestig deur Diaz-Cintaz (2004:50), wat noem dat oudiovisuele vertaling moontlik die belangrikste vertaalaktiwiteit is.

Daar is twee hoofvorme van oudiovisuele vertaling, naamlik onderskrifte en oorklanking. Oorklanking verwys na die mondelinge vertaling van die oorspronklike dialoog in oudiovisuele materiaal. Die taal van die oorspronklike dialoog word in die doeltaal oorgeklank, met die gevolg dat dit voorkom asof die dialoog oorspronklik in die doeltaal is. Onderskrifte behels die geskrewe vertaling van sprekers se uitings in die doeltaal en dit verskyn gewoonlik onder op die skerm (Baker en Hochel 1998:74).

Onderskrifte is 'n voorbeeld van intersemiotiese vertaling, deurdat die betekenis van een modaliteit – in die geval visueel – vertaal word in 'n ander modaliteit, wat in hierdie geval geskrewe taal is (Jakobson 1959). Onderskrifte is volgens Diaz-Cintaz (2010:344) die mees gebruikte vorm van oudiovisuele vertaling. Hy noem verder dat onderskrifte 'n semanties-doeltreffende weergawe van die brontaal moet weergee (Diaz-Cintaz 2010:345). Dit is dus nie noodwendig nodig dat onderskrifte 'n woord-vir-woord-vertaling van die brontaal moet wees nie, omdat daar byna altyd inligting bygevoeg of weggelaat word met die skep van onderskrifte. Betekenisoordrag – of, soos Hosogoshi (2016:156) dit noem, 'n ekwivalente effek – is belangrik vir kykers om 'n idee van die oorspronklike dialoog te kry.

3.2 Soorte onderskrifte

Onderskrifte kan in intra- en intertalige onderskrifte verdeel word. Intratalige onderskrifte (ook genoem bimodale onderskrifte) verwys na onderskrifte wat in dieselfde taal as dié van die televisieprogram of film verskyn (Diaz-Cintaz 2010:347). Volgens Caimi (2013:169) verwys intertalige onderskrifte na die vertaling van die dialoog in 'n vreemde taal na kykers se eerste taal. Intertalige onderskrifte maak dit vir die eerstetaalsprekers moontlik om die vreemde taal te verstaan soos wat dit in die dialoog voorkom. Dit dra ook by tot die groeiende ontwikkeling van byvoorbeeld films en hulle verspreiding na ander lande waar verskeie tale gepraat en verstaan word (Vazifekhha, 2017:98). Dit is dus moontlik om te sê dat intertalige onderskrifte tot die toeganklikheid van oudiovisuele materiaal – byvoorbeeld films en sepies – bydra deurdat die dialoog deur middel van die onderskrifte verstaan word.

Die skep van intertalige onderskrifte gaan gepaard met hindernisse wat lei tot die byvoeging of weglating van inligting wat in die oorspronklike dialoog voorkom. Gottlieb (1992:164) tref onder andere 'n onderskeid tussen formele (kwantitatiewe) en tekstuele (kwalitatiewe) beperkings op die skep van spesifiek intertalige onderskrifte in oudiovisuele materiaal wat op die televisie verskyn. Gottlieb (1992:164) noem dat intertalige vertaling gereeld van die oorspronklike dialoog afwyk, deur byvoorbeeld die weglating van inligting, wat geregverdig is op grond van die ruimtefaktor en die spoedfaktor. Hy verduidelik dat skermgrootte die aantal karakters in die onderskrifte beperk en dat die leesspoed van die gemiddelde kyker stadiger is as die spoed van die dialoog wat vertaal moet word. Tekstuele (kwalitatiewe) beperkings verwys na die feit dat die dialoog die vryheid van die intertalige onderskrifvertaler beperk (Gottlieb 1992:165). Die onderskrifte se posisie en tydsberekening moet ooreenstem met die statiese sowel as dinamiese aspekte van die film, wat die samestelling van die beeld insluit. Die bewoording van die onderskrifte moet ook ooreenstem met die styl en spraaktempo van die film.

3.3 Samevatting

Gottlieb (1992 en 1994) verduidelik dat bogenoemde aspekte in ag geneem moet word weens die belangrike rol wat die interaksie tussen onderskrifte, die beeld en dialoog van die film speel in hoe die kykers die televisieprogram of film met onderskrifte ontvang en interpreteer. Verdere moontlike hindernisse in die vertaling van intertalige onderskrifte is die vertaling van kultuur-spesifieke uitdrukkings, byvoorbeeld idiome, sowel as dialekte. Voordat vertaalstrategieë aan die hand van Gottlieb (1992 en 1994) bespreek word, plaas ek die fokus op die moontlike gebruik van onderskrifte in taalverwerwing.

4. Onderskrifte en taalverwerwing

Navorsing binne die tweedetaalverwerwingsveld ondersoek die aanleer en verwerwing van tale naas die eerste taal. Krashen (1982 en 1985) se taalverwerwingsteorie vorm dikwels die basis van taalverwerwingskursusse – veral sy inset-hipotese.

4.1 Taalverwerwing

Krashen (1982 en 1985) postuleer dat taalaanleerders 'n groot hoeveelheid taal onbewustelik deur middel van verstaanbare insette kan aanleer. Dié verstaanbare insette wat Krashen voorstel, is die taal waaraan taalaanleerders blootgestel word, wat verstaanbaar is weens die gebruik daarvan in 'n bekende konteks. Die blootstelling aan taalinsette binne bekende kontekste is die sleutel tot Krashen se voorstel vir effektiewe vreemdetaalverwerwing (Hall, Smith en Wicaksono 2011:8). Die verstaanbare insette skakel met woordeskat aanleer, aangesien die leer van woordeskat nie plaasvind omdat die taalaanleerder die woorde probeer leer nie, maar eerder probeer om wat gesê, geskryf of gesing word, te verstaan. Met ander woorde, die betekenis van woorde word nie gegee nie, maar word afgelei uit die konteks waarin dit aangebied word – gevolglik moet herhaaldelike woordeskat insette verskaf word (Sass 2017:11). Omdat studente herhaaldelik aan insette blootgestel word, versterk dit volgens Sass (2017:11) die skakel tussen die vorm en die betekenis van die woord. Dié herhaaldelike insette kan enige vorm, soos musiek, prente, stories of films, aanneem.

Krashen argumenteer in sy inset-hipotese dat die gebruik van verstaanbare insette van die vreemde taal in werklike kommunikatiewe situasies juis taalaanleerders se taalverwerwingsproses fasiliteer. Taalverwerwing vind met ander woorde slegs plaas indien taalaanleerders verstaanbare insette in taalverwerwingsklasse gebruik. Een manier waarop verstaanbare insette en outentieke taal gebruik kan word, is deur middel van oudiovisuele materiaal, soos films en televisieprogramme.

Hulstijn (2013:1) tref 'n onderskeid tussen onbewuste taalverwerwing en bewuste taalverwerwing. Onbewuste taalverwerwing word beskryf as die verwerwing van 'n woord of uitdrukking sonder dat 'n doelbewuste poging aangewend is om die elemente te memoriseer. In kontras hiermee verwys bewuste taalverwerwing na die bewuste poging om inligting te memoriseer met behulp van tegnieke soos herhalings of voorbereidings – dus die bewuste leer en aanleer van 'n taal. Hulstijn (2013) se onderskeid is belangrik vir navorsing oor intertalige onderskrifte omdat daar by die kyk na oudiovisuele materiaal hoofsaaklik op onbewuste taalverwerwing staatgemaak word.

4.2 Studies oor onderskrifte en taalverwerwing

Resultate verkry in 'n studie deur Koolstra en Beentjes in 1999 het aangetoon dat een van die voordele van intertalige onderskrifte in televisieprogramme is dat dit onbewuste taalverwerwing op woordeskatvlak bevorder. Caimi (2013:169) noem dat intertalige onderskrifte voordelig vir taalverwerwing is, insluitende vir diegene wat min tot geen kennis van 'n taal het nie.

Alhoewel Sokoli (2006) se artikel handel oor die skep van onderskrifte as 'n taalverwerwingsaktiwiteit binne of buite die klaskamer en nie oor taalverwerwing deur die fisiese kyk na onderskrifte nie, is Sokoli se navorsing nuttig is om te bespreek. Sokoli (2006:1–2) noem dat enige oudiovisuele materiaal 'n goeie hulpmiddel vir taalverwerwing is omdat dit 'n motiverende, aandagvestigende en effektiewe impak op kykers het. Die gebruik van aktiwiteite gebaseer op onderskrifte word in die genoemde artikel beskryf as 'n metode wat daarop mik om studente op 'n aktiewe wyse by taalverwerwing betrokke te kry deurdat die studente self onderskrifte moet skep. 'n Belangrike aspek wat Sokoli (2006:6–7) noem, is dat taalaanleerders wat van hierdie metode gebruik maak, bewus word van taalspesifieke kwessies in kommunikasie, byvoorbeeld praatstyl en -spoed, aksente en visuele ondersteuning vir verbale boodskappe.

Waar Sokoli (2006) se artikel handel oor die skep van onderskrifte as 'n taalverwerwings-hulpmiddel, handel Harji e.a. (2010) se studie oor die doeltreffendheid van onderskrifte om taalverwerwing te stimuleer, spesifiek wat woordeskat betref. Daar word onder andere in Harji e.a. (2010:37) se studie melding gemaak van die belangrikheid van multimediategnologie as uitbeelding van die werklikheid deur dit met die vreemde taal te integreer. Hierdeur is dit moontlik vir taalaanleerders om hulle taalverwerwing uit te brei deur blootgestel te word aan voorbeelde van hoe die taal in die werklikheid gebruik word, wat uiters belangrik is vir die korrekte verstaan en gebruik van 'n taal. Daar is in die studie van Harji e.a. (2010) gebruik gemaak van 'n eksperimentele groep en 'n kontrolegroep. Die eksperimentele groep het na 'n videogreep met Engelse onderskrifte gekyk en die ander groep het na die videogreep sonder die onderskrifte gekyk. Die studie bevind dat die Engelse woordeskat van dié wat die videogreep met onderskrifte gekyk het, wel toegeneem het. 'n Studie deur Lertola (2012) het dieselfde resultate verkry ten opsigte van onderskrifte as hulpmiddel vir die aanleer van die woordeskat van 'n vreemde taal.

In 2019 onderneem Muller 'n kleinskaalse empiriese ondersoek met dertien eerstejaarstudente wat Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch aanleer.⁸ Vir hierdie artikel fokus ek slegs op die vrae in die vraelys wat oor die gebruik van onderskrifte in sepies in taalverwerwing handel.

Die eerste vraag van Muller (2019) vra of deelnemers dink dat onderskrifte moontlik met die verstaan van die sepies kan help. Hierop het al dertien geantwoord dat dit wel moontlik is. Verskeie motiverings is hiervoor gegee, byvoorbeeld dat dit 'n woord-vir-woord-vertaling van die dialoog weergee; dat onderskrifte help om 'n beter idee van wat in die sepie aangaan, te gee; en dat dit ook help in gevalle waar karakters vinnig praat. Een van die deelnemers het genoem dat 'n vriendin Tsonga met behulp van onderskrifte in sepies aangeleer het.

In die tweede vraag word gevra of onderskrifte moontlik kan help met die aanleer van woorde in die sepie. Hierop het elf deelnemers genoem dat dit wel moontlik is. Motiverings wat hiervoor gegee is, is dat dit veral help as sepies gereeld gekyk word – een deelnemer het genoem dat hy/sy isiZulu en isiXhosa deur middel van sepies aangeleer het. Die motivering hiervoor is dat daar gereeld na sepies met onderskrifte gekyk moet word; dat daar spesifiek na sepies gekyk word met die doel om taal te leer en nie vir genot nie. Een deelnemer het genoem dat dit *miskien* moontlik is vir woorde om aangeleer te word, maar dan moet jy dit gereeld kyk. Een deelnemer het *nee* geantwoord op die vraag, met die motivering dat die dialoog slegs in die onderskrifte vertaal word om verstaan te word, en dat geen komplekse woorde weergegee word nie.

Deelnemers moes by die derde vraag antwoord of hulle dink dit is moontlik vir 'n taal om aangeleer te word met behulp van onderskrifte in 'n sepie. Hierop het sewe studente geantwoord dat dit wel moontlik is, terwyl ses deelnemers genoem het dat dit *miskien* moontlik is. Die motiverings gegee deur die deelnemers wat *ja* geantwoord het, is dat onderskrifte 'n woord-vir-woord-vertaling van die dialoog is en dat kykers vertrouwd kan raak met die taal van die sepie. Die motivering gegee deur diegene wat *miskien* geantwoord het, is dat die taal wat in sepies gebruik word nie noodwendig ooreenstem met kommunikasie in die werklikheid nie.

Die laaste vraag vereis van deelnemers om te noem of hulle dink dit is moontlik vir 'n taal om aangeleer te word deur sepies met onderskrifte te kyk as die onderskrifte nie woord-vir-woord vertaal is nie. Hierop het slegs drie deelnemers *ja* geantwoord, met die motivering dat taalverwerwing tussen verskillende taalaanleerders verskil, deurdat sommige taalaanleerders taal deur middel van blootstelling aan 'n verskeidenheid woorde verwerf en nie noodwendig deur

woord-vir-woord-vertalings nie. Die ander tien deelnemers het *nee* geantwoord met die motivering dat dit moeilik sal wees om woorde in die onderskrifte te verbind met die woorde in die dialoog, en dat onsekerheid sal ontstaan oor watter woord in die onderskrifte 'n vertaling is van watter woord in die dialoog. Ook is daar genoem dat, vir taalverwerwing om plaas te vind, dit nodig is om met ander te kommunikeer of te oefen.

Onlangse studies ondersoek die onbewuste verwerwing van woordeskat deur middel van oudiovisuele modusse. In Azizi en Abdul Aziz (2020) se navorsing maak hulle gebruik van onderskrifte by televisiereekse om woordeskat te onderrig. Die studie is in Maleisië by 'n plattelandse skool onderneem en gaan oor die onderrig van Engels as vreemde taal. Hulle bevind dat die leerders in die eksperimentele groep (wat die televisiereeks met onderskrifte gekyk het) se woordeskat in 'n groter mate verbeter het as die kontrolegroep s'n (wat nie onderskrifte gehad het nie). Azizi en Abdul Aziz (2020:12) kom tot die gevolgtrekking dat die gebruik van onderskrifte voorbeelde van outentieke taal verskaf wat die taalaanleerproses ondersteun deur middel van die gelyktydige luister na die dialoog en die lees van die onderskrifte. Hulle uiteindelik oordeel (Azizi en Abdul Aziz 2020:20) is:

This research also showed that the elements of technology and entertainment in a captioned video material is a useful tool that could help ESL [English as a Second Language] students improve their English language proficiency by watching target language video material with caption to acquire the vocabulary.

Puimège en Peters (2019) se studie handel oor die verwerwing van enkelwoorde en geformuleerde frases deur Nederlandssprekende eerstejaarstudente wat Engels aanleer deur die kyk na Engelse televisieprogramme. Hulle het data ingewin van twintig eerstejaarstudente wat Engels aanleer. Puimège en Peters (2019) maak gebruik van 'n pretoets en 'n posttoets en fokus spesifiek op grammatikaheroepings-, betekenisheroepings- en grammatikaherkenningsvrae. Hulle bevind dat dit wel moontlik is om enkelwoorde en geformuleerde frases te verwerf deur na televisieprogramme te kyk.

Rodgers en Webb (2019) ondersoek die effek van langer televisie kyk op onbewuste taalverwerwing, sowel as die effek daarvan op die frekwensie en verskeidenheid woordeskat wat aangeleer word. In die ondersoek het 187 Japannese studente tien 42-minuut-lange episodes van Amerikaanse dramareekse gekyk. Hulle maak gebruik van woordeskattoetse in 'n pretoets- en posttoetsformaat. Die resultate toon aan dat langer televisie kyk beduidend tot woordeskatuitbreiding bygedra het en dat daar 'n positiewe verband tussen frekwensie en verskeidenheid van woordeskat – wat onbewustelik verwerf is – was.

Volgens Peters en Webb (2018) is daar al baie navorsing onderneem oor onbewuste woordeskatanleer deur middel van die lees van 'n enkele teks, maar dat daar nog min studies onderneem is wat onbewuste woordeskatanleer deur middel van die kyk na 'n vollengte televisieprogram ondersoek. Daarom het hulle hierdie ondersoek gedoen. Peters en Webb (2018) ondersoek bykomend vier veranderlikes wat onbewuste woordeskatanleer mag beïnvloed: Drie daarvan het te doen met woordverwante veranderlikes, naamlik frekwensie van gebruik, woordverwantskappe en woordrelevansie; en een is 'n leerverwante veranderlike, naamlik vooraf-woordeskatkennis. Twee eksperimente met Nederlandssprekende leerders wat Engels as vreemde taal aanleer, is gedoen. Die eerste een ondersoek die effek van televisiekyk op grammatikaherkenning en betekenisheroeping, terwyl die tweede een op betekenisherkenning fokus. Peters en Webb (2018) bevind dat televisiekyk help met onbewuste

woordeskataanleer op die vlak van betekenisherroeping en -herkenning. Die frekwensie van gebruik, vooraf-woordeskatkennis en woordverwantskappe het voorts woordeskataanleer beïnvloed.

Du Plessis (2015) voer 'n studie uit om te bepaal of onderskrifte in Afrikaanse films bydra tot taalverwerwing op die vlak van woordeskat en begrip. Adendorff, Binneman en Du Plessis (2017) se navorsingsartikel lewer verder verslag oor die studie en brei daarop uit. 'n Voordeel wat in hierdie navorsingsartikel genoem word ten opsigte van onderskrifte as 'n taalverwerwings-hulpmiddel, is die feit dat “enige taal sonder die hulp van 'n taalonderwyser of -aanbieder of -fasiliteerder deur middel van films (en onderskrifte) aangeleer kan word” (Adendorff e.a. 2017:900). Voorts is onderskrifte 'n betreklik bekostigbare hulpmiddel tot taalverwerwing. Bogenoemde voordele vorm deel van die hoofdoel van Muller (2019) se studie waarin daar bepaal is of onderskrifte in sepies as 'n bekostigbare hulpmiddel tot taalverwerwing kan dien vir dié wat nie toegang het tot instellings waar taalverwerwing deur 'n taalonderwyser aangebied word nie. Die resultate verkry uit Du Plessis (2015) se studie toon dat die onderskrifte wat in films gebruik is, wel bygedra het tot taalverwerwing op woordeskatvlak, maar nie ten opsigte van begrip nie.

4.3 Samevatting

Daar word in verskeie studies en navorsingsartikels melding gemaak van moontlike nadele met betrekking tot onderskrifte as 'n hulpmiddel tot taalverwerwing. In 'n studie deur Vanderplank (1990:223) word daar genoem dat, vir taalverwerwing om suksesvol te wees, die taalaanleerder die onderskrifte moet lees en dat dit nie hinderlik moet wees nie. Dit is dus die geval dat onderskrifte in sommige gevalle as 'n hindernis dien, of nie gelees word nie, wat daartoe kan lei dat taal nie verwerf word nie. Daar is ander faktore, soos die film se lengte, die aantal deelnemers, die deelnemers se taalvaardighede, ensovoorts, wat taalverwerwing ook negatief kan beïnvloed. Verder noem Olivier (2003:82) dat onderskrifte gereeld verkort word en slegs 'n opsomming bied van wat werklik in die dialoog gesê word. Dit bemoeilik dus ook die verwerwing van taal, deurdat die volledige dialoog nie weergegee word nie. Hieruit kan 'n vraag vir verdere navorsing ontstaan, naamlik of taalverwerwing slegs moontlik is met woord-vir-woord-vertaling, dus as alles in die dialoog vertaal is.

5. Vertaalstrategieë

5.1 Inleiding

Matkivska (2014) bespreek in 'n oorsigartikel oudiovisuele vertaling, die hoofkenmerke en soorte daarvan, asook die vertalingstrategieë wat toegepas kan word en die beperkinge wat deur tegniese en linguistiese uitdagings aan die vertaler gestel word. Daar is twee moontlike strategieë wat volgens Matkivska (2014:43) in oudiovisuele vertaling gebruik kan word, naamlik standaardisering en adaptasie. Standaardisering is “aimed at replacing the dialect forms with forms which comply with norms and rules of a standard language. In contrast, adaptation presupposes finding the language forms and variants in the target language and culture which have equivalent function or effect as the original” (Matkivska 2014:43). Adaptasie word voorts in domestikering en vervreemding verdeel.

Volgens Matkivska (2014:42) beskou sommige navorsers binne die veld van vertaalstudie *strategieë* in ooreenstemming met *probleme*. Met ander woorde: 'n Vertaalstrategie is 'n metode om bepaalde probleme ten opsigte van die vertaling van die oorspronklike teks op te los. Dit word dikwels met tegnieke of prosedures geassosieer. Matkivska (2014:42) sien dit as 'n stel reëls en beginsels wat die vertaler gebruik om by die doel, soos bepaal deur die vertaalsituasie, uit te kom.

Hejwowski (2004:76) beweer dat vertalers onbewustelik of bewustelik vertaalstrategieë gedurende die vertaalproses gebruik, en hierdie strategieë beïnvloed hoe daar met die teks, of oudiovisuele materiaal, te werk gegaan word. Altahri (2013:119) noem dat die graad van eendersheid of verskil tussen die brontaal/-kultuur (die eerste taal) en die doeltaal/-kultuur (die vreemde taal) 'n belangrike rol speel in die tipe vertaalstrategie(ë) wat gebruik word.

5.2 Gottlieb se vertaalstrategieë

Verskeie navorsers stel taksonomieë van vertaalstrategieë voor – sien onder meer Lefevere (1975 en 1992) se sewe strategieë vir poësievertaling, Gottlieb (1992 en 1994) se tien strategieë vir die vertaling van intertalige onderskrifte en Venuti (1995) se domestikering of vervreemding.

Gottlieb (1992 en 1994) se taksonomie word gebruik omdat hy tien vertaalstrategieë voorstel wat spesifiek van toepassing is op intertalige onderskrifte. Gottlieb (1992:166) se taksonomie sluit volgens Muller (2019:15) die volgende tien vertaalstrategieë in:

1. *Uitbreiding*: Hierdie strategie verwys na die uitbreiding van 'n uitdrukking op grond van 'n kulturele nuansering wat nie vertaal kan word nie. 'n Voorbeeld hiervan is kultuurspesifieke uitdrukkings.
2. *Parafrasing*: Hierdie strategie word gebruik wanneer 'n uitdrukking in die dialoog nie op dieselfde sintaktiese wyse vertaal kan word nie. Dit verwys dus na die verandering van 'n uitdrukking soos dit in die dialoog voorkom; die verandering is steeds voldoende. 'n Voorbeeld hiervan is taalspesifieke verskynsels.
3. *Oordrag*: Hierdie strategie verwys na die volledige en korrekte oordrag van die uitdrukking na die doeltaal.
4. *Nabootsing*: Dié strategie verwys na die identiese oordrag van 'n uitdrukking waarvan die betekenis ook dieselfde is. Voorbeelde hiervan is eiename en internasionale groetvorme.
5. *Oorskrywing*: Hierdie strategie word gebruik in die geval van niestandaard uitdrukkings in die brontaal. Voorbeelde is byvoorbeeld die gebruik van 'n derde taal of van brabbeltaal.
6. *Verplasing*: Die strategie word gebruik wanneer die oorspronklike teks iets om 'n spesiale effek te bereik. Dit verwys na 'n verskil in uitdrukking wat die inhoud aanpas – byvoorbeeld musikale of visuele taalspesifieke verskynsels.
7. *Verkorting*: Hierdie strategie verwys na 'n saamgevatte uitdrukking wat 'n bondige weergawe van die inhoud weergee.
8. *Uitdunning*: Uitdunning verwys na 'n verkorting van 'n uitdrukking en die vermindering van inhoud. 'n Voorbeeld hiervan is die inhoud van 'n spreekbeurt wanneer die spraaktempo vinnig is.

9. *Uitwissing*: Dit verwys na die weglating van 'n uitdrukking deur geen verbale inhoud weer te gee nie. 'n Voorbeeld is in die geval van die inhoud van 'n spreekbeurt wanneer die spraaktempo te vinnig is.
10. *Weglating*: Dit verwys na 'n uitdrukking wat afwyk van dié in die brontaal; die inhoud is verwronge. Hierdie strategie word gewoonlik gebruik in die geval van onvertaalbare elemente.

Gottlieb (1994) verduidelik dat die eerste sewe van sy vertaalstrategieë ooreenstemmende vertaling skep, terwyl uitdunning en uitwissing 'n verkorting in semantiese, sowel as stilistiese, elemente inhou. Weglating kom volgens Gottlieb (1994) in alle vorme van verbale uitsendings voor.

5.3 Enkele studies oor Gottlieb se vertaalstrategieë

Muller (2019) ontleed een episode elk uit drie Afrikaanse sepies, naamlik *7de Laan*, *Binnelanders* en *Suidooster* deur die dialoog, sowel as die bykomende intertalige onderskrifte, te transkribeer. Die doel was om te bepaal watter vertaalstrategieë by die verskillende uitdrukkings/elemente gebruik is.

Die onderstaande tabel, soos uit Muller (2019) aangepas, toon die aantal kere wat die vertaalstrategie in een episode van elke sepie voorkom. Oordrag, verkorting, nabootsing en parafrasering kom die meeste voor, terwyl verplasing en weglating nie een keer voorgekom het nie.

Tabel 1. Vertaalstrategieë soos dit in die sepies voorkom

Strategie	<i>7de Laan</i>	<i>Binnelanders</i>	<i>Suidooster</i>	Totaal
Uitbreiding	3	1	2	6
Parafrasering	41	20	29	90
Oordrag	184	188	198	570
Nabootsing	13	33	22	68
Oorskrywing	2	0	6	8
Verplasing	0	0	0	0
Verkorting	53	47	48	148
Uitdunning	3	3	1	7
Uitwissing	10	5	4	19
Weglating	0	0	0	0

Die ontleding van Muller (2019) toon aan dat die drie sepies nie veel verskil getoon het betreffende die vertaalstrategieë wat gebruik is nie. Soos in tabel 1 aangedui, is oordrag die vertaalstrategie wat die meeste gebruik word, terwyl verplasing en weglating nie een keer in die episodes voorgekom het nie omdat Muller (2019:22) beweer dat geen onvertaalbare elemente en musikale of visuele taalspesifieke verskynsels in die episodes voorgekom het nie. In die geval van kultuurspesifieke uitdrukkings, soos byvoorbeeld idioome, is parafrasering as vertaalstrategie gebruik, deurdat aangepaste uitdrukkings gebruik is wat steeds dieselfde boodskap in die doeltaal weergee (Muller 2019:22). In die geval van dialekte of Niestandaardafrikaans is oorskrywing gebruik, wat beteken dat die dialek na die doeltaal oorgedra word asof die uitdrukking in die brontaal in standaardtaal voorgekom het.

Muller (2019:22–23) verskaf ’n voorbeeld van elke strategie soos gebruik is in die episodes wat sy ontleed het.

Uitbreiding

’n Eenvoudige voorbeeld hiervan uit *Suidooster* is die volgende sin: “Ek weet nie veel daarvan nie.” Dié sin word uitgebrei in die doeltaal, alhoewel die uitbreiding nie noodwendig groot is nie. Die sin is soos volg vertaal: “Well, I don't know much **about cars.**”

Parafrasering

’n Voorbeeld uit *7de Laan* is die vetgedrukte uitdrukking wat voorkom in die volgende sin: “Dis **propvol** gesonde happies.” Die uitdrukking is ’n taalspesifieke verskynsel wat nie ’n direkte ekwivalent in Engels het nie. Dus word die uitdrukking vertaal deur gebruik te maak van ’n uitdrukking wat steeds dieselfde betekenis in die doeltaal sal weergee. Die sin is soos volg vertaal: “It’s **jam-packed** with healthy snacks.”

Oordrag

’n Voorbeeld uit *Binnelanders* kom in die volgende sin voor: “As sy nie geld het vir *groceries* nie, hoe kan sy haar selfone uitdeel?” Die sin word soos volg vertaal: “If she can't buy groceries, how can she hand out her cell phones?” Dit is duidelik dat die boodskap byna direk in Engels vertaal is, met die vorm en betekenis wat min of meer dieselfde bly.

Nabootsing

’n Eenvoudige voorbeeld hiervan uit *Suidooster* is die oordrag van ’n eienaam, naamlik Pierre, na die doeltaal. Die volgende sin kom in die dialoog voor: “Dis ek, **Pierre.**” Dit word vertaal as: “It’s me, **Pierre.**”

Oorskrywing

’n Voorbeeld uit *Suidooster* kom in die volgende sin voor: “**Soekraan, antie Moena**, maar wat ek vandag gedoen het, was *bad* genoeg.” Hier word ’n uitdrukking in Niestandaardafrikaans weergegee, wat in die doeltaal vertaal is asof dit standaardtaal is: “**Thanks, Auntie Moena**, but what I did today was bad enough.”

Verkorting

’n Voorbeeld van verkorting uit *7de Laan* kom in die volgende lang sin voor: “As hy weet wat goed is vir hom klim hy vanaand op ’n vliegtuig. Fikani is nie beïndruk nie.” Dié sin word verkort en die boodskap word op ’n bondige wyse weergegee in die doeltaal: “If he’s wise, he’ll come back tonight. Fikani isn’t impressed.”

Uitdunning

’n Voorbeeld uit *Binnelanders* kom in die volgende sin voor: “**Sy staan op trou.** Dit kos ’n klomp geld. Sy sal wil weet wat aangaan.” Hieruit word ’n deel weggelaat as dit in Engels vertaal word. Die weggelate deel is deels belangrik, maar word deur die res van die sin

weergegee, soos gesien in die doeltaal: “**Getting married is expensive!** She’ll want to know what’s going on.”

Uitwissing

’n Voorbeeld van uitwissing in *7de Laan* kom in die volgende sin voor: “**Hoe ken jy my?** Het ek al ooit ’n stukkie *fluff* bo my *job* gekies?” Hieruit word ook ’n deel weggelaat, maar dié deel het nie noodwendig ’n belangrike doel in die sin nie. Die sin is vertaal as: “Have I ever chosen a piece of fluff over my job?”

Sichani e.a. (2019) ontleed die vertaalstrategieë in twee internasionaal-bekroonde Irannese films met Engelse onderskrifte, naamlik *A separation* en *I, Daniel Blake*. Die doel daarvan is om te bepaal watter van Gottlieb se strategieë die meeste en watter die minste in beide films se vertalings gebruik is. Die Engelse en die Persiese draaiboek is gebruik en geselekteerde filmdialoë is getranskribeer en met mekaar vergelyk. Die vertaalstrategieë is geïdentifiseer en gekategoriseer deur van Gottlieb se taksonomie gebruik te maak. Daarna is die frekwensie van elke strategie uitgewerk. Hulle verskaf, net soos Muller (2019), voorbeelde van die vertaalstrategieë. Sichani e.a. (2019:108) bepaal dat beide films hoofsaaklik van oordrag en parafrasering gebruik maak, terwyl oorskrywing en verplasing nie gebruik word nie. Volgens hulle kan die sukses van die films moontlik toegeskryf word aan die gebruik van oordrag en parafrasering omdat “[it] shows that translators tried to convey the message as accurate as possible or to render it in the way that suits the target community language structures” (Sichani e.a. 2019:109).

Bąk en Gwózdź (2016) fokus hulle navorsing op die proses en die verskeie tegnieke toegepas deur die internetgroep Hatak vir die Poolse vertaling van die onderskrifte vir die eerste episode van die Amerikaanse dramareeks *House of cards* op Netflix. Hatak (geregistreerde Poolse naam Grupa Hatak) bestaan hoofsaaklik uit 35 amateur vryskutvertalers, -proeflesers en -synchroniseerders van Pole en ander lande wat anoniem onderskrifte vir aanlyn films en TV-reekse skep. Bąk en Gwózdź (2016:116) ontleed 741 dialooguitinge wat uit Engels in Pools vertaal is en kom tot die gevolgtrekking dat sewe van Gottlieb se vertaalstrategieë in die eerste episode gebruik is. Oordrag, parafrasering en weglating is die meeste kere gebruik. Oordrag is volgens Bąk en Gwózdź (2016:116) veral gebruik by sterk ooreenkomste tussen Engels en Pools, parafrasering is gebruik om enige misverstande te voorkom, terwyl weglating gebruik is om onnodige inligting soos vloekwoorde en herhalende woorde uit te laat. Bąk en Gwózdź (2016:118) bepaal voorts dat 80 dialooguitinge nie aan enige van Gottlieb se strategieë gekoppel kan word nie – wat die moontlikheid van verdere navorsing skep.

In Kianbakht (2015) se navorsing word Gottlieb se taksonomie toegepas op die Persiese vertaling van Woody Allen se *Annie Hall*. Die doel was, soos in bogenoemde studies, om te bepaal watter strategieë meer as ander in die vertalingsproses gebruik is. Die studie is volgens Kianbakht (2015) ’n beskrywende vergelykende ontleding deurdat die dialoog van die film met die vertaalde Persiese onderskrifte vergelyk is. Net soos met Muller (2019) en Sichani e.a. (2019) se ondersoek, is oordrag die strategie wat die meeste gebruik is en kom Kianbakht (2015:30) tot die volgende gevolgtrekking: “The high frequency of *transfer* strategy means that the Iranian subtitlers transferred the dialogues of the original film into Persian in the most comprehensible and natural way possible.”

Net soos in die bogenoemde studie van Kianbakht (2015) volg Ghaemi en Benyamin (2011) se ondersoek ook 'n beskrywende vergelykende prosedure – in dié geval Engels-Persies, soos Sichani e.a. (2019). Hulle ondersoek 932 filmbeelde van ongeveer 100 minute se film dialoë in vyf Engelse films en 100 minute van die ooreenstemmende Persiese onderskrifte. Die rede waarom vyf films gebruik is, was om 'n groter verskeidenheid van temas, inhoud en genres te verkry, wat dus 'n groter verskeidenheid van vertalingstrategieë bied. Ghaemi en Benyamin (2011) volg 'n drie-fase-metodologie: Hulle het eerstens na die films gekyk, daarna die dialoog en die onderskrifte getranskribeer en laastens die vertaalstrategieë op grond van Gottlieb se taksonomie bepaal. Al Gottlieb se vertaalstrategieë is in die vertaling van die onderskrifte vir al vyf films gebruik, alhoewel dit tussen die films gewissel het, maar Ghaemi en Benyamin (2011:47) beweer dat die strategieë wat gebruik word van die filmgenre afhang. Oordrag is 54,06% keer in die vyf films gebruik. Ghaemi en Benyamin (2011:45) meen dat oordrag die volle boodskap oordra en kom tot die volgende gevolgtrekking: “Iranian subtitlers did their best in transferring dialogues to Persian in the most understandable and natural way as possible”. Nabootsing is 13,44% en parafrasering 9,65% keer gebruik. Ghaemi en Benyamin (2011:45) is van mening dat die gereelde gebruik van nabootsing van die dialoog tussen akteurs en die vlak van nabyheid en intimiteit tussen hulle weens die gebruik van eiename afhang. Parafrasering is volgens Ghaemi en Benyamin (2011:45) eerder 'n “sense for sense”-vertaling as 'n literêre vertaling, omdat dit gewysigde uitdrukkings en nieverbale taal weergee.

5.4 Samevatting

Uit die bogenoemde voorbeelde van die enkele studies wat al oor Gottlieb se vertaalstrategieë onderneem is, lei ek af dat oordrag die strategie is wat die meeste in die vertaling van onderskrifte gebruik word. As 'n opvolgstudie kan Muller (2019) byvoorbeeld bogenoemde vertaalstrategieë wat in die drie sepies gebruik word in 'n empiriese ondersoek met taalverwerwingstudente wat Afrikaans aanleer toepas om te bepaal of en hoe intertalige onderskrifte kan bydra tot hulle Afrikaanse woordeskataanleer. Verdere studies kan gedoen word om te bepaal of en hoe intertalige onderskrifte bydra tot die aanleer van die ander amptelike tale van Suid-Afrika. Verdere studies kan ook gedoen word om te bepaal of Gottlieb se vertaalstrategieë voldoende is: Is daar strategieë wat nie by Gottlieb s'n ingesluit is nie, soos Bąk en Gwózdź (2016) bevind het, wat die vertaling van onderskrifte beter kan verduidelik?

6. Slotopmerkings

Hierdie oorsigartikel oor vertaling binne taalverwerwing bevestig wat etlike navorsers bevind het: Daar is 'n plek vir vertaling binne die taalverwerwingsklaskamer, maar dit is nie die enigste benadering, metodologie of hulpmiddel wat gebruik moet word nie. Dit is 'n pedagogiese hulpmiddel, aangesien die strategiese gebruik van die eerste taal voordele vir taalaanleerders inhou. Taalaanbieders moet net onthou dat die blootstelling aan die vreemde taal belangrik is en daarom kan nie net die eerste taal gebruik word nie. Op grond van die bespreking van verskeie navorsingsbronne oor die gebruik van vertaling as taalverwerwingshulpmiddel en Krashen se inset-hipotese, asook Hulstijn se onderskeid tussen bewuste en onbewuste taalleer, wil dit voorkom of vertaling wel nuttig binne die taalverwerwingsklaskamer gebruik kan word.

Ten opsigte van navorsing oor intertalige onderskrifte, kom ek tot die gevolgtrekking dat verdere ondersoek oor die gebruik daarvan binne Afrikaanse taalverwerwing nodig is. Min

plaaslike navorsing oor die gebruik van intertalige onderskrifte as taalverwerwingshulpmiddel is al onderneem – geen studies is byvoorbeeld gevind wat oor die aanleer van Afrikaans en intertalige onderskrifte handel nie. Veral na aanleiding van Krashen (1982:21–30) se inset-hipotese sou ek die hipotese kan maak dat studente wat Afrikaans op universiteit aanleer se Afrikaans kan verbeter indien hulle meer gereeld insette van Afrikaans deur middel van byvoorbeeld sepies kry. ’n Langtermynstudie is dus nodig om hierdie hipotese te ondersoek. Die studie kan uitgebrei word deur dit dan te koppel aan die gebruik van intertalige onderskrifte om die vraag te beantwoord of die gebruik van intertalige onderskrifte kan bydra tot die suksesvolle aanleer van Afrikaanse woordeskat.

Bibliografie

- Adendorff, E. 2014. Taalverwerwing en taalonderrig. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.
- Adendorff, E., A. Binneman en J. du Plessis. 2017. Die gebruik van onderskrifte in die onderrig en leer van Afrikaanse woordeskat en begrip. *LitNet Akademies* (Opvoedkunde). <https://www.litnet.co.za/die-gebruik-van-onderskrifte-die-onderrig-en-leer-van-afrikaanse-woordeskat-en-begrip> (12 Maart 2019 geraadpleeg).
- Al-Musawi, N.M. 2014. Strategic use of translation in learning English as a foreign language (EFL) among Bahrain university students. *Comprehensive Psychology*, 3(4):1–10.
- Altahri, A. 2013. Issues and strategies of subtitling cultural references: *Harry Potter* movies in Arabic. Doktorale proefskrif, Universiteit van Salford.
- Aqel, I.M. 2013. The effect of using grammar-translation method on acquiring English as a foreign language. *International Journal of Asian Social Science*, 3(12):2469–76.
- Atkinson, D. 1987. The mother tongue in the classroom: a neglected resource? *ELT Journal*, 41(4):241–7.
- Azizi, S. en A. Abdul Aziz. 2020. The effect of intralingual caption on students’ vocabulary learning. *International Journal of Advanced Research in Education and Society*, 1(3):12–22.
- Bąk, K. en G. Gwózdź. 2016. Analysis of Henrik Gottlieb’s translation strategies adopted by the internet group Hatak in the translation of the first episode of “House of Cards”. *Studia Neofilologiczne*, 3:107–19. <https://pdfs.semanticscholar.org/81d9/cb9197163262ba99867815e2334215f3fefa.pdf> (4 Mei 2020 geraadpleeg).
- Baker, M. (red.). 1998. *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge.
- Baker, M. en B. Hochel. 1998. Dubbing. In Baker (red.) 1998.
- Brower, R. (red.). 1959. *On translation*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Caimi, A. 2013. Subtitles and language learning. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2013.

- Calis, E. en K. Dikilitas. 2012. The use of translation in EFL classes as L2 learning practice. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 46:5079–84.
- Carreres, A. 2006. Strange bedfellows: Translation and language teaching. The teaching of translation into L2 in modern languages degrees: Uses and limitations. Sixth Symposium on Translation, Terminology and Interpretation in Cuba and Canada. http://www.cttic.org/publications_06Symposium.asp (6 Mei 2019 geraadpleeg).
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Chapelle, C.A. (red.). 2013. *The encyclopedia of applied linguistics*. Chichester: Wiley-Blackwell.
- Cunningham, C. 2000. *Translation in the classroom – a useful tool for second language acquisition*. Universiteit van Birmingham. <https://www.birmingham.ac.uk/Documents/college-artslaw/cels/essays/secondlanguage/cindyc2.pdf> (8 Mei 2019 geraadpleeg).
- Danan, M. 2004. Captioning and subtitling: Undervalued language learning strategies. *Meta: Translators' Journal*, 49(1):67–77.
- Delabastita, D. 1989. Translation and mass-communication: Film and TV translation as evidence of cultural dynamics. *Babel*, 35(4):193–218.
- Diaz-Cintas, J. 2004. Subtitling: The long journey to academic acknowledgement. *The Journal of Specialised Translation*, 1:50–68.
- . 2010. Subtitling. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2013.
- Dollerup, C. en A. Loddegaard (reds.). 1992. *Teaching translation and interpreting*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Du Plessis, J. 2015. 'n Ondersoek na die gebruik van onderskrifte in 'n vreemdetaalklaskamer vir die verwerwing van Afrikaanse woordeskat en begrip. Honneurswerkstuk, Universiteit Stellenbosch.
- d'Ydewalle, G. en M. Van de Poel. 1999. Incidental foreign-language acquisition by children watching subtitled television programs. *Journal of Psycholinguistic Research*, 28(3):227–44.
- Enama, P.R.B. 2016. The impact of English-only and bilingual approaches to EFL instruction on low-achieving bilinguals in Cameroon: An empirical study. *Journal of Language Teaching and Research*, 7(1):19–30.
- Etemadi, A. 2012. Effects of bimodal subtitling of English movies on content comprehension and vocabulary recognition. *International Journal of English Linguistics*, 2(1):239–48.
- Fernández-Guerra, A. 2014. The usefulness of translation in foreign language learning: Students' attitudes. *International Journal of English Language & Translation Studies*, 2(1):153–70.
-

- Gambier, Y. en L. van Doorslaer. (reds.). 2013. *Handbook of Translation Studies*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Gass, S. en L. Selinker. 2001. *Second language acquisition: An introductory course*. 2de uitgawe. Mahweh: Lawrence Erlbaum Associates.
- Ghaemi, F. en J. Benyamin. 2011. Strategies used in the translation of interlingual subtitling. *Journal of English Studies*, 1(1):39–49.
- Gottlieb, H. 1992. Subtitling: A new university discipline. In Dollerup en Loddegaard (reds.) 1992.
- . 1994. Subtitling: Diagonal translation. *Perspectives: Studies in Translation Theory and Practice*, 2(1):101–21.
- Grittner, F.M. 1969. *Teaching foreign languages*. VSA: Harper & Row.
- Hall, C.J., P.H. Smith en R. Wicaksono. 2011. *Mapping applied linguistics. A guide for students and practitioners*. Londen: Routledge.
- Harji, M.B., P.C. Woods en Z.K. Alavi. 2010. The effect of viewing subtitled videos on vocabulary learning. *Journal of College Teaching & Learning*, 7(9):37–42.
- Hejwowski, K. 2004. *The cognitive-communicative theory of translation*. Warskou: Wydawnictwo Naukowe PWN.
- Hosogoshi, K. 2016. Effects of captions and subtitles on the listening process. *The JALT Call Journal*, 12(3):153–78.
- Hulstijn, J. 2013. Incidental learning in second language acquisition. In Chappelle (red.) 2013.
- Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. In Brower (red.) 1959.
- Jones, H. 2010. First language communication in the second language classroom: A valuable or damaging resource? MEd-verhandeling, Memorial University of Newfoundland. <https://nativelanguageuse.weebly.com/uploads/4/0/4/5/4045990/roleofnativelanguage.pdf> (8 Mei 2019 geraadpleeg).
- Kavaliauskienė, G. en L. Kaminskienė. 2007. Translation as a learning tool in English for specific purposes. *Kalbotyra*, 57(3):132–39.
- Khan, M.S. 2016. The impact of native language use on second language vocabulary learning by Saudi EFL students. *English Language Teaching*, 9(5):134–40.
- Kelly, N. en J. Bruen. 2014. Translation as a pedagogical tool in the foreign language classroom: A qualitative study of attitudes and behaviours. *Language Teaching Research*, 19(2):150–68.
-

- Kianbakht, S. 2015. Humor translation revisited: The case of Woody Allen's "Annie Hall" subtitled into Persian. *International Journal of Comparative Literature & Translation Studies*, 3(4):27–31.
- King, J. 2002. Using DVD feature films in the EFL classroom. *Computer Assisted Language Learning*, 15(5):509–23.
- Koolstra, C.M. en J.W.J. Beentjes. 1999. Children's vocabulary acquisition in a foreign language through watching subtitled television programs at home. *Educational Technology Research and Development*, 47(1):51–60.
- Krashen, S. 1982. *Principles and practice in second language acquisition*. Oxford: Pergamon Press.
- . 1985. *The input hypothesis: Issue and implications*. New York: Longman.
- Laviosa, S. 2014. *Translation and language education. Pedagogic approaches explored*. Londen en New York: Routledge.
- Lefevere, A. 1975. *Translating poetry: Seven strategies and a blueprint*. Amsterdam: Van Gorcum.
- . 1992. *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame*. Londen: Routledge.
- Leonardi, V. 2010. *The role of pedagogical translation in second language acquisition*. Switserland: Peter Lang AG, International Academic Publishers.
- Lertola, J. 2012. The effect of the subtitling task on vocabulary learning. In Pym en Orrega-Carmona (reds.) 2012.
- Mart, C. 2013. The grammar-translation method and the use of translation to facilitate learning in ESL classes. *Journal of Advances in English Language Teaching*, 1(4):103–5.
- Matielo, R., T. Collet en R. D'Ely. 2013. The effects of interlingual and intralingual subtitles on vocabulary learning by Brazilian EFL learners: An exploratory study. *Intercâmbio. Revista do Programa de Estudos Pós-Graduados em Linguística Aplicada e Estudos da Linguagem*, 27. <https://pdfs.semanticscholar.org/fea3/54d794da8d4532966541e7c000bb06edb63a.pdf> (8 Februarie 2020 geraadpleeg).
- Matkivska, N. 2014. Audiovisual translation: Conception, types, characters' speech and translation strategies applied. *Studies about languages*, 25:38–42.
- Muller, B. 2019. 'n Ondersoek na Afrikaanse sepies en hul interlinguistiese onderskrifte as 'n moontlike hulpmiddel vir taalverwerwing. Honneurswerkstuk, Universiteit Stellenbosch.
- Munday, J. 2001. *Introducing translation studies*. Londen: Routledge.
- Newmark, P. 1991. *About translation*. Londen: Multilingual Matters.

- Okyayuz, S. 2005. The problems of subtitling television series from English into Turkish: Linguistic, cultural and technical considerations. *Academia*. https://www.academia.edu/33041980/The_Problems_of_Subtitling_TV_Series_from_English_into_Turkish (2 September 2019 geraadpleeg).
- Olivier, J. 2003. Die moontlikhede wat onderskrifte die SABC-TV bied in die erkenning en beskerming van taalregte. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Vanderbijlparkcampus).
- Panizzon, R. 2013. Acquiring translation competence through the use of subtitling. Enhancing language learning through translation and translating. MA-verhandeling, Universiteit van Padua. http://paduaresearch.cab.unipd.it/6078/1/Panizzon_Raffaella_acquiring_translation_competence.pdf (1 April 2020 geraadpleeg).
- Peters, E. en S. Webb. 2018. Incidental vocabulary acquisition through viewing L2 television and factors that affect learning. *Studies in Second Language Acquisition*, 40(3):551–77. <https://doi.org/10.1017/S0272263117000407> (1 April 2020 geraadpleeg).
- Puimège, E. en E. Peters. 2019. Learning L2 vocabulary from audiovisual input: An exploratory study into incidental learning of single words and formulaic sequences. *The Language Learning Journal*, 47(4):424–38.
- Pym, A. en D. Orrega-Carmona. (reds.). 2012. *Translation research projects 4*. Tarragona, Spanje: Intercultural Studies Group.
- Pym, A., K. Malmkjær. en M. Plana. 2013. *Translation and language learning: The role of translation in the teaching of languages in the European Union. A study*. Luxemburg: Publications Office of the European Union.
- Reich, P. 2006. The film and the book in translation. MA-verhandeling, Masaryk Universiteit. https://is.muni.cz/th/pd99m/Diplomova_prace.pdf (1 April 2020 geraadpleeg).
- Rodgers, M. en S. Webb. 2019. Incidental vocabulary learning through viewing television. *International Journal of Applied Linguistics*. <https://www.jbe-platform.com/content/journals/10.1075/itl.18034.rod> (13 Januarie 2020 geraadpleeg).
- Sass, J. 2017. Die gebruik van Afrikaanse musiek met lirieke as pedagogiese hulpmiddel vir die aanleer van woordeskat en uitspraak by taalverwerwingstudente. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Sichani, B.R., M. Amiryousefi en Z. Amirian. 2019. Analysis of translation strategies employed in awards-winning subtitled dramas. *International Journal of Foreign Language Teaching & Research*, 7(25):101–14.
- Sokoli, S. 2006. Learning via subtitling (LvS): A tool for the creation of foreign language learning activities based on film subtitling. *MuTra 2006 – Audiovisual Translation Scenarios: Conference Proceedings*. http://www.euroconferences.info/proceedings/2006_Proceedings/2006_Sokoli_Stravoula.pdf (12 April 2019 geraadpleeg).

Van den Berg, S.A. 2019. 'n Ondersoek na die gebruik van vertaling binne taalverwerwing. Honneurswerkstuk, Universiteit Stellenbosch.

Vanderplank, R. 1988. The value of teletext sub-titles in language learning. *ELT Journal*, 42(4):272–81.

—. 1990. Paying attention to the words: Practical and theoretical problems in watching television programmes with uni-lingual (Ceefax) sub-titles. *System*, 18(2):221–34.

Vazifekhhah, A.E. 2017. Difficulties in inter-lingual subtitling and the strategies to deal with: A case study of English translation into Persian. *International Journal of English Linguistics*, 7(3):97–102.

Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility – A history of translation*. Londen, New York: Routledge.

—. 1998. Strategies of translation. In Baker (red.) 1998.

Vermes, A. 2010. Translation in foreign language teaching: A brief overview of pros and cons. *Eger Journal of English Studies X*, 83–93.

Yadav, M.K. 2014. Role of mother tongue in second language learning. *International Journal of research*, 1(11):572–82.

Eindnotas

¹ Taalverwerwing verwys na die onbewuste en bewuste aanleer en verwerwing van 'n taal. Die terme *taalaanleer* en *taalverwerwing* word dikwels in die navorsing oor taalverwerwing as sinonieme gebruik omdat effektiewe kommunikasie beide vloeiende en akkurate taalgebruik insluit. Taalaanleer lei gewoonlik tot akkurate taalgebruik terwyl taalverwerwing tot vloeiende taalgebruik lei.

² Intertalige onderskrifte is onderskrifte wat in die kykers se moedertaal vertaal is terwyl die dialoog 'n vreemde taal is.

³ Onderskrifte behels die geskrewe vertaling van sprekers se uitings in films, televisieprogramme en so meer na die doeltaal, wat gewoonlik onder op die skerm verskyn (Baker en Hochel 1998:74).

⁴ Die term *tweedetaalverwerwing* is 'n oorkoepelende term wat verwys na die aanleer en verwerwing van ander tale naas die eerste taal (Gass en Selinker 2001:198). Adendorff (2014:444–56) wys daarop dat die onderskeid tussen tweedetaal- en vreemdetaalverwerwing vervaag het.

⁵ Met *vreemde taal* word bedoel enige taal wat aangeleer en verwerf word nadat die eerste taal verwerf is. Dit kan 'n tweede taal, derde taal of vierde taal wees.

⁶ Van den Berg (2019) het die nodige institusionele klaring vir die studie ontvang.

⁷ Sien Du Plessis (2015) en Adendorff, Binneman en Du Plessis (2017) waarin die positiewe en negatiewe uitwerking van onderskrifte op taalverwerwing bespreek word.

⁸ Muller (2019) het die nodige institusionele klaring vir die studie ontvang.